



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

## NOVEMBER 2011

## VRYSTAAT

**PUNTE: 120**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings.

| | | | |
|---|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrig | VRAAG 1 | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | VRAAG 2 | (10) |
| AFDELING C: | Taal | VRAAG 3–6 | (60) |
| AFDELING D: | Letterkunde | VRAAG 7–8 | (20) |

2. Lees die instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ’n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

**TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die tydskrifartikel hieronder en beantwoord die vrae.

# *7de Laan* se Neville



1. Zane Meas speel die rol van Neville Meintjies in die sepie, *7de Laan*. Soos Neville, is Zane ŉ man wat baie lief is vir sy gesin en familie. Vir hulle al twee is die waarheid en dit wat reg is, belangrik.

2. Zane kom uit ŉ gesin wat baie vir mekaar omgee. Sy familie is die fondament in sy lewe. Sy susters het almal saamgewerk om vir sy studies te betaal toe hy universiteit toe gegaan het. Hulle was arm mense, maar het vir mekaar gesorg.

3. Hy is baie betrokke by sy gesin en familie en wil nie hê dat hulle van mekaar moet vergeet nie. Die hele familie kom een maal per jaar bymekaar en in dié tyd gaan hulle almal vir ŉ naweek saam vakansie hou. Gedurende die naweek kuier hulle gedurende die dag by mekaar, hou saans saam konsert en gaan Sondag almal saam kerk toe.

4. Sy vrou se naam is Megan en hulle glo liefde en respek vir mekaar is belangrik in ŉ huwelik. Hulle probeer saam besluite neem oor hoe hulle die twee seuns wil grootmaak. Sy eie seuns, Campbell (12) en Connor (10) maak hom baie gelukkig. Hulle luister altyd na die goeie raad wat hy vir hulle gee.

5. Dit is vir Zane belangrik om betrokke te wees by sy kerk en die gemeenskap. In die gemeenskap probeer hy seuns help wat nie ŉ pa het nie. Hy reël programme vir dié seuns om hulle te leer om leiers in hulle huise te wees.

6. Hy is ook betrokke by ŉ skema wat kospakkies uitdeel aan mense wat nie werk het nie. Die mense wat die kospakkies ontvang, betaal nie daarvoor nie. Dit is vir hom lekker om te weet dat hy ŉ verskil aan mense se lewens maak.

7. Om ŉ akteur te wees, is vir hom maar net ŉ gewone werk. Al is hy bekend, probeer hy hard om nederig te bly. Hy leef só dat hy ŉ voorbeeld vir die kykers stel.

8. Zane se ouers het hom aangemoedig om aan sport deel te neem en tot vandag toe hou hy van sport. Die sport waarvan hy die meeste hou, is gholf.

9. Hy is 'n man wat elke dag van sy lewe dankbaar is vir die suksesse in sy lewe. Baie van sy maats uit sy kindertyd het die verkeerde pad gekies. Zane weet baie goed dis net genade dat hy die regte pad gekies het.

[Verwerk uit: *Leef*, Julie 2010]

1.1 In watter sepie speel Zane Meas? (1)

1.2 Wat is Zane se naam in *7de Laan*? (1)

1.3 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE antwoord te kies. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Watter EEN karaktereienskap van Zane en sy karakter in die sepie is volgens paragraaf 1 dieselfde?

A Hulle is godsdienstig.
B Hulle is familievas.
C Hulle is nederig.
D Hulle is dankbaar. (1)

1.4 Skryf EEN WOORD uit paragraaf 2 neer wat aandui dat sy familie 'n basis in sy lewe is. (1)

1.5 Watter TWEE dinge is vir Zane en Megan belangrik in hulle huwelik? (2)

1.6 Waaroor probeer Zane en Megan saam besluite neem? (1)

1.7 Zane help seuns wat net deur hulle ma's grootgemaak word.

1.7.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

1.7.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.7.1 deur SES agtereenvolgende woorde aan te haal. (1)

1.8 Voltooi die volgende sin deur die KORREKTE antwoord te kies. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Hoe maak Zane, volgens paragraaf 6, 'n verskil aan mense se lewens?

A Hy is betrokke by *7de Laan*.
B Hy is betrokke by 'n skema wat kospakkies uitdeel.
C Hy is betrokke by die kerk.
D Hy is betrokke by 'n skema wat kinders help. (1)

1.9 Skryf die name van sy TWEE kinders neer. (2)

1.10 Voltooi die sin.

Kies die KORREKTE antwoord in die raampie hieronder om die sin te voltooi. Skryf slegs die antwoord neer.

| geliefd; beroemd; dankbaar |
|---|

Alhoewel Zane ... is, bly hy nog nederig. (1)

1.11 Zane is nie ŉ rolmodel vir ander mense nie.

1.11.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

1.11.2 Motiveer jou antwoord deur ŉ sin uit die teks neer te skryf. (1)

1.12 Wie het vir Zane aangemoedig om aan sport deel te neem? (1)

1.13 Van watter sportsoort hou Zane die meeste? (1)

1.14 Voltooi die sin:

Hoe verskil Zane van party van sy maats uit sy kindertyd?

Zane het die regte pad gekies, maar party van sy maats het ... (1)

1.15 Waarvoor is Zane elke dag dankbaar? (1)

1.16 Stem jy saam dat Zane ŉ goeie pa vir sy seuns is? Motiveer jou antwoord. (1)

**TEKS B: ADVERTENSIE**

Lees die advertensie hieronder en beantwoord die vrae.




[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 19 Mei 2011]

1.17 Op watter dag van die week kry 'n mens hierdie spesiale aanbod van Spur? (1)

1.18 Noem die DRIE soorte burgers waaruit jy kan kies. (3)

1.19 Dink jy 'n burger is gemorskos of gesonde kos? Motiveer jou antwoord. (2)

1.20 Jy kry net uieringe en skyfies saam met jou Spurburger.

1.20.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)

1.20.2 Motiveer jou antwoord. (1)

1.21 Haal TWEE agtereenvolgende woorde aan wat aandui dat daar sekere reëls vir hierdie spesiale aanbieding is. (1)

1.22 Voltooi die volgende sin KORREK. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

"GRATIS BURGER" word met hoofletters geskryf om die ...

A advertensie groter te maak.
B advertensie mooier te maak.
C leser lus te maak vir 'n burger.
D leser se aandag te trek. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2: DIE LANDSWAPEN SE SIMBOLE

- Som die betekenis van ons landswapen se simbole in SEWE sinne op.
- **Moenie net die opskrif by elke nommer oorskryf nie** (bv. Sekretarisvoël, Protea, ens.).
- Die opsomming moet 60 woorde wees.
- Die opsomming moet puntsgewys (1–7) opgesom word.
- Skryf die getal woorde onder aan die opsomming.




## SUID-AFRIKA SE LANDSWAPEN

**1. DIE OPKOMENDE SON**

Die son laat nuwe plante groei en is die bron van die lewe. In Suid-Afrika is ons nuwe demokrasie soos ŉ nuwe plantjie wat moet groei. Die opkomende son op ons landswapen simboliseer die geboorte van hierdie vrye land waarin ons woon.

**2. DIE SEKRETARISVOËL**

Die sekretarisvoël is een van ons land se grootste voëls. Soos die kuikens deur ŉ ma-voël onder haar vlerk beskerm word, moet die regering elke Suid-Afrikaner beskerm. Die sekretarisvoël simboliseer die staat as beskermer.

**3. DIE PROTEA**

Die protea op ons landswapen dui op die groeikrag van ons nasie. Die koningsprotea is Suid-Afrika se nasionale blom. Die protea is ŉ taai plant wat sterk groei. Ons demokrasie moet ook groei sodat dit kan sterk staan.

**4. DIE SPIES EN KNOPKIERIE**

Die spies en die knopkierie is tradisionele wapens om mee te veg. Maar op ons landswapen lê dit gekruis en plat omdat ons ŉ land is wat in vrede wil leef. Deur die spies en die knopkierie word die staat se gesag gesimboliseer. Dit wys daarop dat ons regering in vrede en liefde wil regeer en nie deur geweld nie.

**5. DIE SKILD MET DIE TWEE KOISAN-FIGURE**

Die skild is in die middel van die wapen en het twee Koisan-figure op. Twee mense saam is nooit eensaam nie. Die Koisan-figure dui op mense wat saamstaan. In Suid-Afrika moet ons almal saamstaan.

**6. DIE OLIFANTTANDE**

ŉ Olifant is sterk, slim en verwoes nie gewoonlik die omgewing nie. Olifante het ŉ rustige geaardheid. Olifanttande (ivoor) is kosbaar en baie sterk. Met die vier olifanttande wat ons in die wapen sien, kry ons ŉ voorstelling van wysheid, krag, matigheid en ewigheid.

**7. DIE KORINGARE**

Koring is een van Suid-Afrika se belangrikste voedselsoorte. In ons land se vrugbare grond groei koring goed. Die koringare dui op vrugbaarheid en groei.

[Verwerk uit*:* www.suidafrika/landswapen.html, 2011]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 3: WOORDSTRUKTURE

Lees die strokiesprent hieronder en beantwoord die vrae.




[Uit: Google Images]

- Skryf net die vraagnommer en die KORREKTE antwoord neer.
- Al die antwoorde in hierdie vraag moet KORREK gespel word.

3.1 Gee die korrekte VERKLEININGSVORM van die woord tussen hakies.

Neelsie is 'n klein (seun) in Meester se klas. (1)

3.2 Gee die MANLIKE VORM van die woord tussen hakies.

Meester is nie Neelsie se (onderwyseres) nie, maar sy ... (1)

3.3 Gee die korrekte TRAP VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies.

Meester is vandag (vriendelik) as gister. (1)

3.4 Vorm die korrekte SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Meester se (hemp + mou) is te kort. (1)

3.5 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD uit die woorde tussen hakies.

Neelsie het (sy/hom/haar) swembroek skool toe aangetrek. (1)

3.6 Gee die korrekte VORM VAN DIE WOORD tussen hakies.

Neelsie is 'n (goed) swemmer. (1)

3.7 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Neelsie sal (elke dag) in die see swem. (1)

3.8 Kies die korrekte VOORSETSEL uit die woorde tussen hakies.

Neelsie gaan lekker (in/op/met) die strand speel. (1)

3.9 Gee die korrekte VORM van die woord tussen hakies.

Dit is die (vyf) keer dat Neelsie see toe gaan. (1)

3.10 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Neelsie gaan saam met sy twee (broer) see toe. (1)

3.11 Kies die korrekte AFKORTING tussen hakies.

Neelsie noem vir Meester (mr./mnr./men.) Smit. (1)

3.12 Gee die korrekte TRAP VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies.

Meester is die (kwaai) man in die skool. (1)

3.13 Gee ŉ SINONIEM (woord met dieselfde betekenis) vir die woord tussen hakies.

Die klas moet (heerlik) vakansie hou. (1)

3.14 Gee ŉ ANTONIEM (woord met die teenoorgestelde betekenis) vir die woord tussen hakies.

Om see toe te gaan, maak Neelsie (ongelukkig). (1)

3.15 Kies die korrekte TUSSENWERPSEL tussen hakies.

(Sjoe/Aitsa), maar dis warm by die see! (1)

3.16 Gee die korrekte INTENSIEWE VORM vir die woord tussen hakies.

Net (baie ryk) mense kan by die see vakansie hou. (1)

3.17 Kies die korrekte LIDWOORD tussen hakies.

ŉ Vakansie by die see, is vir (ŉ/die) meeste kinders baie lekker. (1)

3.18 Kies die korrekte spelling van die WOORD tussen hakies.

Attie, die (lewensredder/lewensreder) red mense wat nie goed kan swem nie. (1)

3.19 Kies die korrekte WOORD tussen hakies.

Hy (ken/weet) dat die see baie gevaarlik is. (1)

3.20 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Die buurman gaan Neelsie se (hond, kat en kanarie) kos gee. (1)
**[20]**

**VRAAG 4: SINSTRUKTURE**

Kyk na die prent hieronder, lees die spraakborrel en beantwoord die vrae.




[Verwerk uit: Google Images]

4.1 Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Die bang mense sit in die kar.
Begin só: Die bang mense ... (2)

4.2 Skryf die sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.

Oupa het vir die leeus geskrik.
Begin só: Oupa ... (1)

4.3 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Die een leeu lê op die kar se dak.
Begin só: Die een leeu ... (2)

4.4 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.

Die mense in die kar is bang. Die leeus lyk gevaarlik. (want) (1)

4.5 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.

Die leeus maak die mense bang.
Begin só: Die mense ... deur die leeus ... (2)

4.6 Voltooi die INFINITIEF. Skryf die hele sin oor.

Begin só: Die seun skree vir die man ... hulp ... kry. (1)

4.7 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Daar is iemand wat die mense sal help.
Begin só: Daar is ... (2)

4.8 Kies die KORREKTE VRAAGWOORD uit die raampie sodat die onderstreepte deel van die sin die antwoord is. Skryf die hele sin uit.

| Wie; Wat; Waar |
|---|

<u>Die twee bang mense</u> sit in die motor.
Begin só: ... sit in die motor? (1)

4.9 Kies die KORREKTE ANTWOORD. Skryf die hele sin uit.

Die mense behoort (te/om te) weet dat hulle veilig in die motor is. (1)

4.10 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Oupa sê: "Die leeus lyk baie gevaarlik."
Begin só: Oupa ... (1)

4.11 Kies die korrekte BETEKENIS van die idioom. Skryf slegs die vraagnommer en letter (A–D) neer.

Die kat uit die boom kyk.

A Die bang mense in die kar kyk na die leeus.
B Die bang mense in die kar kyk hoe die saak ontwikkel.
C Die bang mense in die kar kyk na die bome langs die pad.
D Die bang mense in die kar kyk hoe die leeus op die kar lê. (1)

4.12 RANGSKIK die groepe woorde tussen hakies in die korrekte volgorde. Skryf die hele sin oor.

Die oupa en die seun sit (baie bang) (in die kar) (al die hele dag). (1)

4.13 Beantwoord die vraag in die ONTKENNENDE VORM.

Is daar 'n man op die motor se dak?
Begin só: Nee, daar ... (2)

4.14 Skryf die sin oor. Begin met die vetgedrukte woorde.

Die toeriste sien die leeus **elke oggend**. (1)

4.15 Watter spreekwoord pas die beste by die prentjie? Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die mense ...

A het nie 'n bang haar op hulle koppe nie.
B veg met leeuemoed.
C ry so reg in die leeu se bek in.
D ry met Jan Tuisbly se karretjie. (1)

4.16 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.

Oupa lyk bang. Daar is twee groot leeus. (omdat) (1)

4.17 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Die leeus is honger.
Begin só: Die leeus ... (1)

4.18 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.

Die leeu het Oupa dopgehou.
Begin só: Oupa ... deur die leeu dopgehou. (1)

4.19 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Oupa vra: “Hoe gaan ons by die huis kom?”
Begin só: Oupa vra ... (2)
**[25]**

## VRAAG 5: REDIGERING

Jou vriend het ŉ artikel vir julle skoolkoerant geskryf. Hy het vir jou gevra om die artikel deur te lees en die foute wat onderstreep is, reg te maak.

### WEES TEGNO-VEILIG

***Selfoone, die Internet en MXit gee ons die kans om heerlik met mekaar te kommunikeer. Onthou net die volgende dinge om jouself te beskerm:***

WEES BEDAGSAAM. Moenie lelike taal gebruik nie. Sal jy die paar woord wat jy vir ŉ persoon wil tik, ook hardop sê sodat daardie persoon dit kan hoor? As jy dit sal nie doen nie, moet dit dan liewer nie tik nie.

DINK VOORDAT JY TIK. Almal kan lees wat jy byv. op Facebook tik. Nie net jou maats nie, maar baia ander mense ook. Onthou dat alles wat jy op die Internet skryf, vir altyd daar bly. Selfs al vee jy dit uit, bly dit daar.

SKAKEL JOU FOON AF. Jy moet afskakel jou selfoon as jy saans gaan slaap. Dan sal jy nie wakker word toe iemand ŉ boodskap laat in die aand stuur nie. jy het genoeg slaap nodig. Dan kan jy beter in die klas konsentreer.

BEANTWOORD BOODSKAPPE WANNEER DIT JOU PAS. Is jou selfoon of rekenaar jou baas Dit hoef nie jou baas te wees nie. Moenie dink jy moet elke boodskap dadelik beantwoord nie. Soms het jy kuiermense en dan is dit ongeskik om boodskappe te stuur terwyl julle gesels.

HOU JOU WAGWOORD ŉ GEHEIM. Kies ŉ moeilike wagwoord wie ander mense nie maklik kan raai nie. Skryf die wagwoord iewers neer sodat net jy weet waar dit is.

5.1 Verbeter die spelling van die onderstreepte woord in reël 1. (1)

5.2 Gee die regte vorm van die onderstreepte woord in reël 3. (1)

5.3 Skryf die onderstreepte gedeelte in reël 5 oor en verbeter die woordorde. (1)

5.4 Gee die korrekte afkorting van die woord "byvoorbeeld" in reël 6. (1)

5.5 Gee die korrekte spelling van die onderstreepte woord in reël 7. (1)

5.6 Skryf die onderstreepte deel in reël 9 oor en verbeter die woordorde. (1)

5.7 Gee die korrekte woord vir die onderstreepte woord in reël 10. (1)

5.8 Skryf die woord in reël 11 neer wat met ŉ hoofletter moet begin. (1)

5.9 Skryf die onderstreepte sin in reël 12 en 13 oor en vul die leesteken in wat uitgelaat is. (1)


5.10 Verbeter die onderstreepte voornaamwoordfout in reël 16. (1)

**[10]**

## VRAAG 6: KRITIESE TAALBEWUSTHEID EN INTERPRETASIE VAN TEKSTE

Kyk na die prent hieronder en beantwoord die vrae.

Dis Saterdagoggend en die winkel is baie besig. Die skoonmaker is besig om die gang se vloer te was, en die vrou gly op die nat vloer. Waar die man loop, is die vloer nog vuil en hy trap in kougom.




[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 19 Mei 2011]

Kies die antwoord om by elke situasie te pas. Skryf net die vraagnommer (6.1–6.5) en die letter (A–D) neer.

6.1 Die man is **kwaad** en gebruik taal wat aandui hoe kwaad hy is.
Kies die sin wat die kwaai man sal gebruik omdat hy kwaad is oor die vuil vloer.

A “O genade, daar sit my voet vas.”
B “Ag nee! SIES! Was julle vuil vloere!”
C “Dis nou ’n gemors. Wat nou?”
D “Kan julle nie die vloere was nie?” (1)

6.2 Die skoonmaker vra die man om **verskoning**.
Kies die sin wat die skoonmaker sal gebruik:

A “Ek is so jammer oor die vuil vloer.”
B “Pasop vir die nat vloer, want jy kan gly.”
C “Ag man, dis nie so erg nie!”
D “Ag ou man! Kan jy nie kyk waar jy loop nie?” (1)

6.3 Die vrou gly op die nat vloer. Sy val baie hard en maak haar rug seer.
Kies die sin wat die vrou sal gebruik:

A “Sjoe, maar die vloer is glad.”
B “Aitsa, kyk hoe gly ek nou, amper kry ek seer.”
C “Hiert! Amper maak ek my rug seer.”
D “Eina! Bel ŉ ambulans, ek het baie seer gekry!” (1)

6.4 Die man met die strepieshemp sluip in die gang af.
Wat dink jy doen hy daar?

A Hy is ŉ polisieman wat winkeldiewe wil vang.
B Hy wil die dogtertjie wat op die vloer speel, skrikmaak.
C Hy is ŉ winkeldief wat iets wil steel.
D Hy sluip, want hy is bang hy gly ook op die nat vloer. (1)

6.5 Wat word met “Superbesparings” bedoel?

A Baie groot besparings
B Redelike besparings
C Min besparings
D Geen besparings nie (1)
**[5]**

**TOTAAL AFDELING C: 60**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

***KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**
***OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker**

Hierdie afdeling bestaan uit VIER VRAE.

Beantwoord EEN vraag uit *KINDERS VAN DIE AARDE.*

**OF**

Beantwoord EEN vraag uit OM *LAASTE TE KAN LAG.*

***KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

### VRAAG 7: ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK – Abraham H de Vries

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Tussen die Swartberge en die see lê daar meer stories rond as klippe en bokspore. En die ergste is dat die meeste van die stories wáár is. Vra maar vir my, ek kom van daardie wêreld af. En my een swakpuntjie – nuuskierigheid – is oersterk. |

7.1 Die verteller se swak punt was nuuskierigheid.

Wat was Rooikoos se swak punt? (1)

7.2 Kies die KORREKTE antwoord.

Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Hulle het hom Rooikoos genoem, want …

A sy hare was rooi en sy baard was rooi.
B sy hare was rooi en sy baard was swart.
C sy gesig was rooi en sy baard was rooi.
D sy gesig was rooi en sy hare was swart. (1)

7.3 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die vraagnommer (7.3.1–7.3.4) en die woord neer.

| |
|---|
| keel; plaas; klere; plotjie; huis; grond |

Rooikoos het ’n slegte gewoonte gehad, wat veroorsaak het dat hy sy pa se (7.3.1) … en ook sy stukkie (7.3.2) … en ook sy vrou se (7.3.3) … moes verkoop. Als is deur sy (7.3.4) ..., maar sy nek bly droog. (4)

7.4 Die Barrydalers het die wedstryd gewen.

7.4.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

7.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.4.1. (1)

7.5 Waarom kan ons sê dat die hoteleienaar ’n goeie man was? (1)

7.6 Kies die KORREKTE antwoord.

Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Wie het vir Rooikoos na die wedstryd die drank in die hotel gekoop?

A Die kelner
B Die Barrydalers
C Sy eie dorp se mense
D Die hoteleienaar (1)

7.7 Kies die inligting uit KOLOM B om by die karakters in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (7.7.1–7.7.4) en die letter (A–E) neer, bv. 7.7.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.7.1 | Rooikoos | A | A Hy het sommer op heelagter loop sit en aan 'n grassie sit kou. |
| 7.7.2 | Izak | B | Hy het met Rooikoos en met die Barrydalers gepraat. |
| 7.7.3 | Hoteleienaar | C | Liewe goeie mense, niks mee verkeerd nie. |
| 7.7.4 | Jan | D | "Julle ditse-datse ditse-datse …" |
| | | E | "Ja, meneer. Ek ken hom, meneer." |

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Daar, in die hotel op Barrydale, word Rooikoos Willemse toe die volgende oggend – nog 'n Sondagoggend daarby – wakker.
> Toe kom die kelner in met die koffie. "Wanneer het jy dan hier begin werk?" vra Rooikoos, want hy dink mos nou hy is op my dorp in die hotel.
> "Nee, meneer, maar ek werk al jare hier op Barriesdale," antwoord die man.
> "Waar?"
> "Hier op Barriesdale, meneer. Hier is meneer se koffie."
> Rooikoos sê toe niks verder nie, want teen daardie tyd het hy al agtergekom die kamer lyk nie soos nommer elf in die hotel in my dorp nie.
> Hy drink toe die koffie ...

7.8 Noem EEN ding wat Rooikoos in die spieël gesien het. (1)

7.9 Dink jy dit was reg wat die Barrydalers alles aan Rooikoos gedoen het? (1)

7.10 7.10.1 Hoekom soek Rooikoos homself aan die einde van die verhaal? (1)

7.10.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.10.1. (1)

7.11 7.11.1 Watter deel van die verhaal het jou laat lag? (1)

7.11.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.11.1. (1)
**[20]**

**OF**

## ***KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

## VRAAG 8: ’N MAN KOM TUIS – Chris Barnard

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Hy’s middeljarig. Te oud, lyk dit my, om nog jong kinders te hê; te lank getroud om nog rasend verlief te wees. Maar later vertel hy my sy eerste vrou en hulle twee kinders is tien jaar tevore in ’n motorongeluk dood. “Toe trou ek later van tyd met haar jongste suster en toe begin ons maar weer ’n spannetjie.”
> Heelpad gesels my passasier land en sand oor dit en dat. Hy gesels die reën skoon weg.
> Hy vertel my van sy lewe as padmaker.

8.1 Waar was Gouws besig om ’n pad te maak? (1)

8.2 Hoe ver het Gouws van sy huis af gewerk? (1)

8.3 Kies die KORREKTE antwoord.

Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Hoeveel keer het Gouws vir sy gesin gaan kuier?

A Een keer ’n maand
B Een keer ’n week
C Twee weke in ’n maand
D Twee keer in ’n maand (1)

8.4 Kies die KORREKTE antwoord.

Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Hoekom het die ver afstand nie vir Gouws saak gemaak as hy by sy gesin gaan kuier het nie?

A Hy moes vir sy gesin geld neem en hulle het hom nodig gehad.
B Hy het lekker gesels met die mense met wie hy saamgery het.
C Hy het self die pad daarheen gebou en het graag daarop gery.
D Hy het sy gesin baie min gesien en was baie lief vir hulle. (1)

8.5 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die vraagnommer (8.5.1–8.5.4) en die woord neer.

| ingeplant; vasgetrap; opgegooi; oopgestoot; uitgemeet; ingevat |
|---|

Die padmaker het die pad (8.5.1) … en die penne ingeslaan. Daarna het hulle die pad (8.5.2) ..., gelyk gemaak en (8.5.3) ... Daarna het hulle mylpale en padpredikante (8.5.4) ... (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Die son was aan die sak toe ons die dorp nader waar hy moes afklim. Daar was nog grys reënbanke wes van ons, maar óm ons het die bulte klam gelê en stowe in die geel middag.
> My passasier het begin stiller raak. Maar ek kon sien hy is opgewonde. Hy het kort-kort op sy horlosie gekyk en ’n paar keer oorgeleun na my kant toe om die snelheidsmeter onder oog te kry. “Die kar loop lekker vinnig,” sê hy. “Ek gaan vroeg daar wees.”

8.6 Gouws het vir die verteller gevra om hom op ’n spesifieke plek af te laai. Waar moes die verteller vir Gouws aflaai? (1)

8.7 Watter geskenk het Gouws vir sy vrou gebring? (1)

8.8 Die verteller was nuuskierig om te sien hoe Gouws deur sy gesin verwelkom gaan word.

8.8.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

8.8.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.8.1 met ’n rede uit die kortverhaal. (1)

8.9 Kies die antwoorde uit KOLOM B om by die karakters in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (8.9.1–8.9.4) en die letter (A–E) neer, bv. 8.9.1 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 8.9.1 | Gouws | A | het op die stoep gesit en wol oprol. |
| 8.9.2 | Die hond | B | het opgespring en straatop gekyk. |
| 8.9.3 | Die vrou | C | het in die straat afgestap totdat hy die huis kon sien. |
| 8.9.4 | Die kinders | D | het hom eerste gesien. |
| | | E | het die lemoene opgetel. |

(4 x 1) (4)

8.10 Hoe weet ons dat die verteller vir ander mense omgegee het? (1)

8.11 8.11.1 Watter deel van die storie het jou bly laat voel? (1)

8.11.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.11.1. (1)

8.12 Wat is die boodskap van hierdie kortverhaal? (1)
**[20]**

**OF**

***OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker**

**VRAAG 9: TANT NELIE SE VEERPLUIME – Henriette Grové**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Kittie was die een wat mooi was, sommer publiek mooi, en aanmekaar mooi; nie soos Ursa nie, so af en toe as sy lag. Daardie hare van Kittie – pikswart krulle en blink, spieëlblink soos Poon se flank die maand na die koring af was. ŉ Mens wou net met jou hande daaraan vat. Dan het sy pikswart oë gehad en ŉ heuningbruin vel gehad. Van die dag dat haar pa-hulle ingetrek het, was ons seuns soos bye om ŉ katjiepiering ...

9.1 Wie is die verteller in hierdie kortverhaal? (1)

9.2 Kies die KORREKTE antwoord.

Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die verteller was baie lief vir Kittie. Hy sou ...

A haar Sondagskool toe gevat het.
B haar somme gedoen en haar boeke gedra het.
C saam met haar koek gebak het.
D die nuwe maan vir haar gaan haal het. (1)

9.3 **Ursa** het daarvan gehou om koek en tertjies te bak.

9.3.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

9.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 9.3.1 met ŉ voorbeeld uit die kortverhaal. (1)

9.4 Kies die inligting uit KOLOM B om by die karakters in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (9.4.1–9.4.4) en die letter (A–E) neer, bv. 9.4.1 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 9.4.1 | Ursa | A | was koud en deftig |
| 9.4.2 | Kittie | B | was in die Hollander se skooltjie |
| 9.4.3 | Tant Nelie | C | het perd gery |
| 9.4.4 | Stefanie | D | het van elfjarige ouderdom gebak |
| | | E | het die titel van die verhaal voorgestel |

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Daarvan het ek darem nie gehou nie. Steel en vat en begeer – dit was die kwaai woorde van die gebooie. Maar toe ek terugstap huis toe, het ek met ‘n ompad langs Kit-hulle se opstal geloop. Daar was ŉ groot swart perd aan die hekpaal gehaak – Freek Moss, die apteker; hy het so ŉ merrie gery.
> Die volgende dag was ek weer by Ursa en ons het afgespreek dat ek die aand sou kom.

9.5 Waarheen sou tant Nelie daardie aand gegaan het? (1)

9.6 Waar het Ursa en Peet daardie aand ontmoet? (1)

9.7 Noem EEN ding wat hulle in tant Nelie se kis gekry het. (1)

9.8 Kies die KORREKTE antwoord.

Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die verteller het probeer om die veerpluimpies se resep in die hande te kry deur ...

A sy ma te vra om met tant Nelie te praat.
B Daan Strydom te vra om dit te steel.
C Kittie te vra om dit te steel.
D Ursa te vra om dit van tant Nelie te koop. (1)

9.9 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die vraagnommer (9.9.1–9.9.4) en die woord neer.

| vlam; wind; vuur; brand; are; bloed |
|---|

Party vrouens is soos ŉ (9.9.1) ... in ŉ man se (9.9.2) ..., maar as die (9.9.3) ... uitgewoed het, is dit soos met die droë stoppels wat (9.9.4) ... gevat het. En daar bly niks oor nie. (4)

9.10 Watter les kan jy uit die kortverhaal leer? (1)

9.11 Met wie het die verteller aan die einde getrou? (1)

9.12 9.12.1 Watter deel van die storie het jou gelukkig laat voel? (1)

9.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 9.12.1. (1)
**[20]**

**OF**

***OM LAASTE TE KAN LAG*** **– Pirow Bekker**

**VRAAG 10: OM LAASTE TE KAN LAG – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Streng gesproke moes oom Apie die swartskaap in ons familie gewees het, maar hy had ŉ manier om jou teen wil en dank van hom te laat hou. Hy was ŉ aweregse ou siel, maar voor jy jou kom kry, het jy daarvan afgesien om hom sy sondes toe te reken. Jy wou nog kwaad word, dan het hy jou al weer laat lag.
>
> My mense is doodgewone mense. Elkeen met sy ambag of lappie aarde. Harde werkers, al sê ek dit nou self. En geen muisneste nie.

10.1 Kies die KORREKTE woord tussen hakies om die sin te voltooi.

Skryf slegs die vraagnommer en die woord neer.

Oom Apie was familie van die (verteller/jeugliefde). (1)

10.2 Kies die KORREKTE antwoord.

Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Waarom kan ons sê dat oom Apie anders was?

A Hy het van geld gehou.
B Hy het selde gewerk.
C Hy het nie baie vriende nie.
D Hy was altyd moeg en lui. (1)

10.3 Kies die KORREKTE antwoord.

Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Kies EEN karaktereienskap wat by oom Apie se familie pas.

A Oneerlik
B Ongemanierd
C Lui
D Prakties (1)

10.4 Oom Apie het nooit gejok nie.

10.4.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

10.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.4.1. (1)

10.5 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die vraagnommer (10.5.1–10.5.4) en die woord neer.

| haakneus; figuur; mond; wenkbroue; oë; postuur |
|---|

Oom Apie was kort van (10.5.1) ... en nogal geset en baie bles. Bokant sy (10.5.2) ... het 'n draadbrilletjie sy ruie (10.5.3) ... uit sy ondeunde (10.5.4) ... gehou. (4)

10.6 Kies die inligting uit KOLOM B om by die karakter in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (10.6.1–10.6.4) en die letter (A–E) neer, bv. 10.6.2 F.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 10.6.1 | Jeugliefde | A | geld was vir hom 'n oorlas |
| 10.6.2 | Oom Apie | B | het baie geld gehad |
| 10.6.3 | Die boer | C | het kouse gestop en knope aangewerk |
| 10.6.4 | Die kinders | D | was pligsgetrou en hardwerkend |
| | | E | is uitgestuur as hy stories vertel |

(4 x 1) (4)

10.7 Gee EEN positiewe eienskap van oom Apie. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Hy was die hele dag by ons en heeldag was hy en Pa en Ma druk in gesprek. Iets het gehaper, maar ek kon nie mooi vasstel wat nie. Daar was kort-kort 'n gelag in die voorkamer, soos altyd as oom Apie by was, maar dit het my nie om die bos gelei nie. Ek sou eers jare later die storie hoor. En ook nie die volle storie nie.

10.8 Hoekom het oom Apie en sy jeugliefde nooit getrou nie? (1)

10.9 Hoe lank was oom Apie en sy jeugliefde vriende gewees? (1)

10.10 Het oom Apie op die ou end laaste gelag? Motiveer jou antwoord. (1)

10.11 Waarom, dink jy, het oom Apie so 'n groot begrafnis gehad? (1)

10.12 10.12.1 Watter deel van die verhaal het jou hartseer gemaak? (1)

10.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.12.1. (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 20**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou